Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Melissa Munnik/Ryan Uren**
Direktoraat: Bestuursrekeningkunde
Melissa.Munnik@westerncape.gov.za | 021 467 2196
Ryan.Uren@westerncape.gov.za | 021 467 2709

Lêerno.: 18/5/5 (2025/26)
Verwysing: 20250903-6462

Omsendbrief: 0026/2025
Vervaldatum: 31 Maart 2027

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Adjunkdirekteure by distrikskantore, Hoofde van preprimêre skole en onafhanklike VKO-skole, en Prinsipale van gewone openbare skole met graad R-klasse

Kort opsomming: *Inligting vir alle rolspelers oor toepaslike aansoekprosedures vir graad R-subsidies en ander verwante aangeleenthede.*

**Onderwerp: Graad R-subsidies en ander verwante aangeleenthede vanaf 01 April 2026**

1. **Graad R-toewysing**

Hierdie omsendbrief het betrekking op graad R-leerders, soos omskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), soos gewysig, en sluit daarom die groep leerders in die ouderdomsgroep 0 tot 4 jaar uit.

1.1 Die toewysings word bereken volgens die *Nasionale Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing*, soos gepubliseer in *Staatskoerant* No. 30679 van 18 Januarie 2008. Die toewysingsbrief (waarna in punt 6 verwys word) sluit 'n gedetailleerde uiteensetting van die geprojekteerde toewysing vir die 2026/27 boekjaar in, asook voorlopige toewysings vir die volgende twee boekjare, naamlik 2027/28 en 2028/29.

1.2 Die norme-en-standaarde- (N&S-) toewysing vir graad R vir die boekjaar 01 April 2026 tot 31 Maart 2027 is op SOBIS beskikbaar, en toegang daartoe kan soos volg verkry word:

(a) Teken aan op SOBIS.
(b) Klik "*Proceed*", kies dan die "*Administration*"-opsie op die kieslys, klik dan op "*Norms and Standards Allocation*" en kies "*N&S 2026/27*".
(c) Maak 'n drukstuk van die bladsy.

1.3 Berekening van graad R-toewysing

1.3.1 Goedkeuring is verleen om met ingang van 01 April 2026 'n subsidie vir leerders in die volgende ouderdomsgroepe (in 2026), in goedgekeurde klasse by gewone openbare skole, openbare Vroeëkindontwikkeling- (VKO-) (preprimêre) skole, geregistreerde onafhanklike VKO-sentrums en onafhanklike terreine te betaal:

(a) Leerders wat 5 word voor 30 Junie
(b) Leerders wat 5 is en 6 word
(c) Leerders wat 6 is en 7 word, d.w.s. leerders wat in graad R teruggehou word en dus nie in die volgende jaar na graad 1 sal vorder nie.

1.3.2 Skole sal toewysings in die volgende kategorieë ontvang:

(a) Gewone openbare skole en openbare VKO-skole
N&S-bedrag betaalbaar per graad R-leerder, wat die minimum subsidietoelaag vir graad R-praktisyns per jaar insluit:

| Soort inrigting (25 of meer graad R-leerders) | Nasionale kwintiel (NK) | Skoolgeldstatus van die inrigting | N&S-subsidie betaalbaar per leerder per jaar* | Minimum subsidietoelaag per graad R-praktisyn per jaar** |
|---|---|---|---|---|
| Openbare skole en openbare VKO-skole wat graad R aanbied | NK1–NK5 | Geen skoolgelde | R1,512 | R148,510 |
| | NQ4 | Skoolgelde gehef | R920 | R148,510 |
| | NQ5 | Skoolgelde gehef | R420 | R148,510 |

*Die N&S-subsidiebedrag per graad R-leerder per jaar is vir niepersoneel-bedryfsuitgawes, wat leer-en-onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) insluit.
**Die minimum subsidietoelaag vir 'n ongekwalifiseerde graad R-praktisyn wat deur die beheerliggaam in diens geneem is.

Minimum N&S-subsidie wat op alle gewone openbare skole en openbare VKO-skole van toepassing is:

| | | | Minimum toewysing per jaar (minder as 25 graad R-leerders) | | Minimum toewysing per jaar (minder as 13 graad R-leerders) | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Soort inrigting | NK | Skoolgeldstatus van die inrigting | Subsidie-toelaag per jaar | N&S-subsidie per jaar | Subsidie-toelaag per jaar | N&S-subsidie per jaar |
| Gewone openbare skole en openbare VKO-skole wat graad R aanbied | NK1–NK5 | Geen skoolgeld | R148,510 | R36,291 | R148,510 | R18,145 |
| | NK4 | Skoolgeld gehef | R148,510 | R22,070 | R148,510 | R11,035 |
| | NK5 | Skoolgeld gehef | R148,510 | R10,080 | R148,510 | R5,040 |

Openbare skole wat 'n ongekwalifiseerde graad R-praktisyn het wat in diens is van die beheerliggaam, sal die minimum subsidietoelaag per jaar ontvang, bykomend tot die N&S-subsidie per jaar. Indien die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) die graad R-praktisyn deur middel van die PERSAL-stelsel vergoed, sal die skool die N&S-subsidie per jaar vir gekwalifiseerde of ondergekwalifiseerde graad R-praktisyns ontvang.

(b) Onafhanklike skole

| Soort inrigting | Skoolgeldstatus van die inrigting | Graad R-subsidie per leerder per jaar* |
|---|---|---|
| Onafhanklike terreine (alle privaat beheerde sentrums/skole wat graad R aanbied) | Geen skoolgelde | R6 600 |
| | Skoolgelde gehef | R3 780 |

* Graad R-subsidie per leerder per jaar sluit die N&S-subsidie per leerder in, asook die subsidietoelaag vir 'n graad R-praktisyn.

## 2. Gebruik van graad R-toewysing

2.1 <u>Gewone openbare skole en openbare VKO-skole</u>

2.1.1 Graad R-praktisyns (wat in diens is van beheerliggame) by alle openbare skole en openbare VKO-skole moet die minimum subsidietoelaag van R148 510 per jaar (R12 375, 83 per maand), wat sesmaandeliks oorgedra word, ontvang.

2.1.2 Die doel van die N&S-subsidie is om enige niepersoneel-uitgawes soos LOOM te dek, asook bedryfsuitgawes soos munisipalediensterekeninge, telefoonrekeninge, kopieer- en drukwerk, skoonmaakmiddels, instandhouding van die graad R-klaskamer(s) en enige ander dienste wat graad R-praktisyns mag benodig. Daar word aanbeveel dat die N&S-subsidie as volg verdeel word:

(a) Vyftig persent (50%) van die subsidie word vir LOOM toegewys, insluitend binnenshuise en buitenshuise LOOM, wat tot voordeel van graad R-leerders is. Alle LOOM wat aangekoop word, moet op die inventaris van die graad R-klas aangeteken word.
(b) Vyftig persent (50%) van die subsidie word toegewys vir die betaling van enige bedryfsuitgawes. Bedryfsuitgawes is die deurlopende uitgawes wat aangegaan word in die normale, dag-tot-dag bestuur van 'n onderneming.

2.2 <u>Onafhanklike skole</u>

2.2.1 Skole moet 'n gedeelte van hul graad R-subsidie vir personeeluitgawes, en 'n gedeelte vir niepersoneel-uitgawes, aanwend.

2.2.2 Beheerliggame van alle onafhanklike skole moet die graad R-praktisyn se salaris verhoog sodat die praktisyn minstens die minimum subsidietoelaag van R148 510 per jaar (R12 375, 83 per maand) of meer ontvang.

2.2.3 Daar word aanbeveel dat die saldo wat oorbly nadat 'n gedeelte van die graad R-subsidie aan personeeluitgawes toegewys is, as volg verdeel word:

(a) Vyftig persent (50%) van die subsidie word vir LOOM toegewys, insluitend binnenshuise en buitenshuise LOOM, wat tot voordeel van graad R-leerders is. Alle LOOM wat aangekoop word, moet op die inventaris van die graad R-klas aangeteken word.
(b) Vyftig persent (50%) van die subsidie word toegewys vir die betaling van enige bedryfsuitgawes. Bedryfsuitgawes is die deurlopende uitgawes wat aangegaan word in die normale, dag-tot-dag bestuur van 'n onderneming.

2.3 Beheerliggame moet as werkgewers by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens registreer. Bydraes tot die Werkloosheidsversekeringsfonds en lopende betaalstelsel moet van die graad R-praktisyn se salaris afgetrek word en aan die toepaslike staatsdepartemente oorbetaal word.

3. **Graad R-subsidie-eise en betaling van subsidies**

3.1 Graad R-subsidie-eise sal op **2026 se Jaarlikse Skoolopname (JSO)** gebaseer word**.**

3.2 **Maak asseblief seker dat al die data op 2026 se JSO korrek is en volgens die aangeduide tydlyn afgeteken is. Geen wysigings word op SOBIS toegelaat nadat die JSO afgeteken is nie.**

3.3 Let asseblief op die volgende:
(a) Alle graad R-leerders moet op SOBIS vasgelê/geregistreer wees.
(b) Elke graad R-leerder moet by 'n klas ingedeel wees.
(c) 'n Graad R-praktisyn wat korrek geklassifiseer is, moet by elke klas ingedeel wees. Die klassifikasie is belangrik om die inrigting se graad R-subsidie te bereken.
(d) Indien 'n graad R-praktisyn deur middel van die PERSAL-stelsel vergoed word, ongeag of hulle **gekwalifiseer** of **ondergekwalifiseer** is, moet die praktisyn as 'n werknemer van die WKOD gekoppel word. Indien die beheerliggaam verantwoordelik is vir die vergoeding van die praktisyn, dui asseblief die beheerliggaam se klassifikasie op SOBIS aan. Dit sal 'n akkurate berekening van die subsidie-oordragbetaling verseker.

3.4 Eers nadat daar aan bovermelde vereistes voldoen is, kan 'n eis vir betaling ingedien word. Versuim om aan hierdie vereistes te voldoen, kan daartoe lei dat 'n inrigting die betaling van sy subsidie of 'n gedeelte daarvan verbeur.

3.5 In onafhanklike skole waar daar graad R-praktisyns is wat deur beide die WKOD en die beheerliggaam vergoed word, sal die WKOD in 'n graad R-klas waar die graad R-praktisyn in diens van die WKOD is, slegs die getal leerders in die klas wat 33 leerders oorskry, befonds.

3.6 Skole moet as 'n deurlopende proses graad R-subsidie-eise soos volg via SOBIS indien:
(a) Teken aan op SOBIS.
(b) Klik op "*Proceed*", kies dan die "*Administration*"-opsie op die kieslys en klik dan op "*Grade R Subsidy*".
(c) Kies "*Submit Application*".
(d) Kies asseblief "*YES/NO*" by die vraag, "*Will you be applying for Grade R subsidy*".

3.7 Voltooi asseblief die toepaslike velde soos vereis, en maak vir verslagdoeningsdoeleindes 'n drukstuk van die skool se subsidie-eis nadat die eis ingedien is. Die skool se subsidie-eis sal elektronies by die betrokke distrikskantoor ingedien word. Geen verdere optrede word van die skool verlang nie.

3.8 Raadpleeg asseblief die *Grade R Subsidy Claim Application System User Manual* op SOBIS vir gedetailleerde stapsgewyse leiding oor hoe om 'n subsidie-eis suksesvol in te dien.

3.9 Vyftig persent van (50%) van die toewysing sal in die **April/Mei**-gedeelte betaal word en die oorblywende 50% in die **Oktober/November**-gedeelte.

3.10 Tydraamwerke vir die 2026-proses

**April/Mei-gedeelte (Kwartaal 2 en 3 van die 2026-skooljaar)**

| Datum | Aksie |
|---|---|
| 08 April 2026 | SOBIS open **vir slegs VIER dae** vir die indien van eise. |
| 13 April 2026 | Finale datum vir skole om eise in te dien.<br>**Let wel:** Eise vir betaling kan nie ná hierdie datum ingedien word nie. |
| 17 April 2026 | Distrikskantore finaliseer aanbevelings- en goedkeurings-prosesse op EduInfoSearch en teken elke eis af. |
| 15 Mei 2026 | Finale datum vir subsidiebetalings aan skole. |

**Oktober/November-gedeelte (Kwartaal 4 van 2026-skooljaar en Kwartaal 1 van 2027-skooljaar)**

| Datum | Aksie |
|---|---|
| 06 Oktober 2026 | SOBIS open **vir slegs VIER dae** vir die indien van eise. |
| 09 Oktober 2026 | Finale datum vir skole om eise in te dien.<br>**Let wel:** Eise vir betaling kan nie ná hierdie datum ingedien word nie. |
| 16 Oktober 2026 | Distrikskantore finaliseer aanbevelings- en goedkeuringsprosesse op EduInfoSearch en teken elke eis af. |
| 13 November 2026 | Finale datum vir subsidiebetalings aan skole. |

3.11 Vordering van eis

Die vordering van jou skool se eis kan op die volgende wyse op SOBIS nagespoor word:

(a) Teken aan op SOBIS.
(b) Klik op "*Proceed*", kies dan die "*Administration*"-opsie op die kieslys en klik dan op "*Grade R Subsidy*".
(c) Kies "*Claim Status*".

4. **Geenskoolgeldskole wat graad R aanbied**

4.1 Geenskoolgeldskole wat befondsing vir graad R van die staat ontvang, mag nie skoolgelde vir graad R-leerders hef nie (kyk *National Financial Management Guidelines in Respect of Schools Offering Grade R Classes*, Oktober 2009, bladsy 4).

4.2 Ouers kan versoek word om vrywillige bydraes te maak. Hierdie bydraes behoort egter nie verpligtend te wees nie en mag nie gebruik word om leerders uit te sluit omdat hul ouers nie sodanige bydraes kan maak nie.

5. **Verslagdoeningsvereistes**

Normale verslagdoeningsvereistes, soos deur die distrikskantore gekommunikeer, moet nagekom word om die volgende subsidiebetaling te bewerkstellig.

6. **Graad R-briewe**

6.1 Finale toewysingsbrief

6.1.1 Finale toewysingsbriewe sal teen 15 April 2026 op SOBIS gepubliseer word.

6.1.2 Skole kan die finale toewysingsbrief soos volg op SOBIS besigtig en uitdruk:

(a) Teken aan op SOBIS
(b) Klik "Proceed", kies dan die "Administration"-opsie op die kieslys, klik dan op "Grade R Subsidy".
(c) Kies "N&S 2026/27 Final".

6.2 Subsidiebetalingsbrief

6.2.1 Subsidiebetalingsbriewe, wat op die goedgekeurde leerdergetalle van die toepaslike distrikskantoor gebaseer is, sal na elke gedeeltelike betaling op SOBIS beskikbaar wees.

6.2.2 Skole kan die subsidiebetalingsbriewe soos volg op SOBIS besigtig en uitdruk:

(a) Teken aan op SOBIS
(b) Klik op "Proceed", kies dan die "Administration"-opsie op die kieslys en klik dan op "Grade R Subsidy".
(c) Kies "Subsidy Payment Letter".
(d) Kies "Print" (vir 'n gedrukte kopie).

7. **Kontakbesonderhede vir navrae**

| Onderwerp | Naam | Kontakbesonderhede |
|---|---|---|
| N&S-toewysing en -oordrag-betalings aan skole en ander navrae wat met graad R-subsidies verband hou (N&S-toewysings) | Kontak die toepaslike graad R-amptenaar op distriksvlak. | Toepaslike distrikskantoor |
| SOBIS-verwante navrae | Kontak die toepaslike SOBIS-administrateur op distriksvlak. | Die kontaknommer vir SOBIS-ondersteuning kan onder die "CEMIS Support"-opsie op die kieslys verkry word. |

8. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokke personeel.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2025-09-19